# 285 Loof God van wie die seën kom




Die eng'le straal van hemellig,
sien, Heer, u heilig aangesig,
hul hoor u stem te alle tyd,
hul staan voor U tot diens bereid.

Hul volg U, Here, op u woord,
waak oor u kind op elke oord,
beskerm u hele Christenheid
teen Satan en sy listigheid.

Daarom bring ons U, God en Heer,
lof en aanbidding, dank en eer,
vandag en heel ons lewe lank
net sooos die engele U dank.

Laat hul getrou dan waak, ons God,
oor u klein kudde en sy lot
en hul beskerm, u eie skaar,
wat steeds getrou u Woord bewaar.

Philip Melanchthon (1497-1560) S. Webbe (1740-1816)